# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 187 19 Februarie 2021




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

**REDAKSIONEEL**

**Weereens geduld**

Ons bereik eersdaags die jaar-merk van die grendeltyd. Vir bykans twaalf maande het ons as land gebuk gegaan onder die inperkings wat deur die regering op ons afforseer is. Nie almal voel dieselfde oor die Covid-19 virus nie. Daar is diegene wat met groot omsigtigheid en versigtigheid tastend hulle weg soek en vind. Daar is diegene wat geen ontsag vir regulasies het nie, en dan is daar die wat beredeneerde keuses maak....

Tog is almal dit eens dat hierdie fase nou tot 'n einde moet kom. Die ekonomiese impak gaan oor jare duidelik word en van die skade sal dalk herstel kan word. Die impak op die onderwys en ons kinders gaan oor dekades eers duidelik word. Die tweede en derde impaksvlak op gesinne en gemeenskappe is haas onmeetbaar. Kerke en gemeentes het swaar gebuk gegaan onder streng voorskrifte. Nie almal was ewe tevrede daarmee nie - soos blyk uit die hofgeding wat April aangehoor gaan word oor die grondwetlikheid van die inperkings ten opsigte van kerke en eredienste.

Ons raak nou haastig. Alles moet nou verby wees sodat ons 'n mate van normaliteit in ons lewens kan terugwen. Normaal skool hou, normaal kerk toe gaan, normaal basaar hou. En dit gebeur nie... Die Ramp(aposa)toestand word telkens met nog 'n maand verleng en met 'n knaende vermoede dat dit nooit gaan ophou nie, hoor ons elke verlenging aan. En ons raak haastig en ongeduldig.

Die direkte sosiale impak van die inperkings moet nie onderskat word nie. Ons dra ongelukkig ook by tot ons eie ondergang in ons hantering van die situasie. Ons is haastig, ongeduldig. In die era van kitskos en kits-alles, wil ons <u>nou</u> hê dit wat ons gehad het. Dit terwyl hierdie ongeduld bydra tot ons spanning en ongelukkigheid.

Geduld is nie vreemd aan ons nie, ons het dalk net vergeet of verleer hoe om geduldig te wees in 'n wêreld waarin alles ons vertel van gou en vinnig - van rekenaars en internet - tot vermaak en sport. Vyf dag krieket is verkort na een dag krieket, nou is daar T20-wedstryde en selfs 10 boulbeurt wedstryde. Ja, ons word gekondisioneer om haastig ongeduldig kits gratifikasie te soek. En tog, geduld is in ons DNS ingeskryf.

Die Voortrekkers het rustig, geduldig getrek. Alles agtergelaat wat hulle geduldig

in die Kaap opgebou het. Weer en weer gesoek na 'n nuwe tuiste; van die Vrystaat deur Natal tot die Transvaal aangedoen in hulle soeke. Na vele terugslae en veldslae het hulle eindelik uitgespan, tuis gekom en opgebou. Na die Engelse oorlog het dit geblyk dat die Afrikaner se harde werk afgebrand is. Niks is ontsien nie; huise, plase en infrastruktuur is deur die Engelse vernietigende geskroeide aarde beleid in puin gelaat. Nie in sak en as nie, maar geduldig en doelgerig het hulle weer begin opbou, boer en vooruit gegaan.

Die droogte en depressie in die jare dertig van die vorige eeu het die arm-blanke vraagstuk op die voorgrond gebring. Mense het verstedelik en in ryk mense se motorhuise gaan intrek, gewas en gestryk om 'n kossie te kan kry. Daar is verby die onregverdighede van die verlede en eie tyd gekyk en die Helpmekaar fonds is opgebou, 'n eie bank in Volkskas is begin en opgebou. Sanlam , Eskom, SAL, SAUK en vele meer is geduldig oor jare op die been gebring en uitgebou tot wêreldklas ondernemings. Dit het nie oornag gebeur nie. Met 'n visie van 'n beter toekoms is daar begin en geduldig gebou. Suksesvol gebou! Krygkor het wapens vervaardig wat van die destydse weermag 'n gedugte teenstander gemaak het. Die G5 en G6 kanonne was sonder gelyke op hierdie planeet.

In persoonlike verhoudings was dit nie anders nie; jong mense het mekaar die hof gemaak, jare gespaar om te kan trou en dan met min tot niks begin om huis op te sit. Oor jare heen is versamel, dit wat ons ongeduldige geslag vandag sien as noodsaaklik voordat jy dink aan trou. Daar leef vandag nog mense van daardie geslag waar slegs een in die kroos die geleentheid gekry het om 'n geleerdheid te kry. Soos die storie van die jong seun wat kaalvoet in die sneeu vyf myl opdraande moes stap om by die skool te kom, en in die middag vyf myl in die sneeu weer opdraande huis toe moes stap. Onmoontlik, roep jy uit! Onthou, die aarde draai....

Nie om die verlede te ver-romantiseer nie. Net om aan te dui dat ons geduld in ons DNS het. Dit is nou die tyd om nie in ongeduld onsself moedeloos te maak nie. Die Prediker sê dat daar 'n tyd vir alles is. Alles kom tot 'n einde. Ook hierdie verniel van liggaam en siel sal tot 'n einde kom. Geduld en kennis sal ons dra tot daar waar ons weer die leisels kan opneem. Geduld wat weet dat alles tot 'n einde kom, geduld wat weet ons het in die verlede teen die grein in suksesvol opgestaan en opgebou. Geduld wat weet ons kan weer en weer in die toekoms. Moenie in ongeduld moed verloor nie. Indien die wederkoms nie in die tussentyd plaasvind nie, sal ons weer geduldig bou aan 'n toekoms.

## .BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### GHG BESTUUR

Die bestuur se eerste vergadering van die nuwe jaar het plaasgevind op 5 Februarie 2021 te Grootvlei se kerkkompleks. Verskeie sake van belang is bespreek.

Predikante beraad - Die predikante beraad vind vanaf plaas 23 Maart 2021 te Meyerspark. Die temas vir gesprek is die Dordtse leerreëls en kollegialiteit. Predikante en gemeentes word daaraan herinner dat die beraad verpligtend is vir predikante wat by die Bond geakkrediteer is.

Hofgeding - Die eerste rondte van die hofsaak is steeds aan die gang. Ons Regsfonds is gesond. Dit het egter duidelik geword dat die regsgeding ons meer gaan

kos as wat aanvanklike projeksies aangedui het. Gemeentes word vriendelik versoek om nie hulle bydraes tot die fonds te staak nie. Enige individue wat ekstra bydraes wil maak, word aangemoedig om dit te doen.

Daarmee saam moet ons nou begin onderskei tussen die regsfonds en die regsrekening, Die regsrekening is die verantwoordelikheid van elke gemeente met eiendom. Kom ons ondersteun mekaar in die bestuur van hierdie saak.

Eredienste - Die bestuur is bewus van die verskillende benaderings wat daar is tot die hantering van die eredienste tydens die Covid-19 uitdagings. Elke gemeente se situasie is uniek. Die erediens is die hartklop van die gemeente en elke gemeente probeer so goed moontlik om in eie konteks hulle roeping uit te leef. Lidmate word opgeroep tot volharding in die geloof.

Lewensbrood en ander media - Die bestuur wil almal betrokke bedank vir wonderlike samewerking. Die Lewensbrood 2021 is gedruk en versprei. Die bestuur het bevestig dat alle predikante versoek word om by te dra tot die publikasie. Daar moet streng by keerdatums gehou word om seker te maak die publikasie kan vroeër versprei word.

Die Bondsvergadering te Stilfontein gaan voort. Lidmate en gemeentes sal op datum gehou word insake reëlings, akkommodasie en nodige inligting.

**KOMMENTAAR OP DIE NGB**

Die kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in Die Skietlood verskyn het, is verwerk en in 'n boek saamgestel. Hierdie publikasie is nou beskikbaar @R240 per boek. WhatsApp Yvette 072-223-7522




**KOERSVAS EN DIE SKIETLOOD 2021**

Hierdie publikasies gaan op die volgende datums verskyn.


22 Januarie
19 Februarie
19 Maart
16 April
21 Mei
18 Junie
16 Julie
20 Augustus
17 September
22 Oktober
19 November
10 Desember

Enige nuus, advertensies, berigte of bydraes wat u geplaas wil hê, moet sewe (7) dae voor publikasie aan dr Otto gestuur word by. johan.otto@geloofsbond.org.za

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com


DIE NEDERLANDSE
GELOOFSBELYDENIS
FOEDERATUM BELGIUM
ORTHODOXUM;
CONFESSIONIS
ECCLESIARUM BELGI-
CARUM
EXEGESIS,
Quâ illius Veritas ex Dei Verbo & Antiquitate
AUTHORE
SAMUELE MARESIO
GRONINGÆ,
Apud JOANNEM NICOLAUM,
TEOLOGIESE BAKERMAT VAN DIE
REFORMASIE: 'N KOMMENTAAR
Dr JOHAN OTTO